**27 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 134**
**FOKUSGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 3:1-3**

## Prys Hom in jou werksklere

Dit is die aanddiens. Daar staan die knegte van die Here. Die erediens moet begin! Prys die Here! Dit was die besondere voorreg van priesters om die Here in sy tempel te prys. Daar ontmoet hulle Hom, al is Hy so ontsaglik groot. Die Skepper van die groot heelal is só naby. Hy is in Sion, in die tempel.

Jesus het die tempel vir ons almal oopgemaak. Elkeen van ons hoort nou in die heiligdom en moet Hom prys. Jy moet dit self doen. Jou pa, ma, predikant of ouderling kan dit nie namens jou doen nie.

Ons staan voor Hom, nie net met ‘n oggenddiens of aanddiens nie. Ons het die voorreg om Hom te prys in ons werksklere met ‘n lewe wat soos ‘n mooi, heilige offer aan Hom gegee word. Jesus stuur ons die wêreld in as lewende briewe, as plakkate van sy genade. Ja, daar moet gedurig ‘n SMS vol lof aan Hom deur ons lewenstyl uitgestuur word.

As jy die Here prys, seën Hy jou. In die Hebreeus is dit een en dieselfde woord. Hy seën ons met sy Heilige Gees. Daar kom ‘n hongerte in ons om meer van Hom te beleef. Ons soek Hom in die erediens en die lewe. Ons verlang na Hom, na sy wederkoms. Die heiligdom is nie meer daar ver in Sion nie. Ons word die heiligdom, ons liggame word immers tempels van die Heilige Gees.

Heer, laat u seën op ons daal. Laat ons lewe om U te loof.

*Sing: Psalm 134:1-2 (TT Cloete)* *Ds Dirk van ‘t Zand (Pietermaritzburg)*